NHKA
NEDERDUITSCH
HERVORMDE KERK
VAN AFRIKA
29 OKTOBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 42

Blitspos

Wanneer die jeug gehoor wil word

14 Oktober 2026...

Ek en my man sit in ’n Katolieke kerk in Tirana, die hoofstad van Albanië, en wag dat die traangas buite wegwaai. Ons was op ’n staptoer deur die stad toe die polisie ’n entjie verder traangas op die betogers afgevuur het. Die toergids het besluit dat ons eers binne moet gaan sit en wag totdat dinge bedaar.

Dit is die tweede dag van die studentebetogings wat die onrus in Albanië ’n nuwe, gewelddadige rigting laat inslaan het.

Die betogings in Albanië het nie eers in Oktober begin nie. Reeds aan die einde van Mei 2026 het inwoners van Zvërnec aan die suidkus begin betoog teen ’n luukse toeriste-oord wat in ’n beskermde natuurgebied beplan word. Die flamink wat daar voorkom, het die simbool van die beweging geword.

Maande lank het mense aand ná aand, meestal vreedsaam, in Tirana en ander stede betoog. Mettertyd het die griewe gegroei: korrupsie, lewenskoste en werkloosheid.

Op 13 Oktober het studente landwyd by die betogings aangesluit. Hulle betoog oor swak toestande by universiteite, die hoë koste van hoër onderwys, te min finansiële steun en die gebrek aan werksgeleenthede ná graduering. Op daardie selfde dag het dit gewelddadig geword, en die volgende dag het ’n brand by die Ministerie van Onderwys uitgebreek. Dit was die dag toe ons in die kerk skuiling gesoek het.

Toe dit later rustiger raak, stap ons terug na ons blyplek. Op pad vra my man my: *Wat sou jy doen as dit jou studente was, en hulle kom vra jou hoe hulle in ’n tyd soos hierdie gehoor kan word?*

Ek het nog nie ’n antwoord nie. Omstandighede en konteks speel natuurlik ’n groot rol, maar die vraag laat my nie los nie.

Terug op eie bodem sien ek hoe beelde van die geweld in die media gedeel word. Onwillekeurig vra ek myself: *Waarom hoor ons eers hiervan wanneer dit op geweld uitloop?* Die maande van vreedsame betogings het skaars tot by ons uitgekom.

Albanië staan nie alleen nie. Oor Europa heen gaan veral jongmense en studente die afgelope weke die strate in:

- **Frankryk:** sedert middel September, oor ’n tekort aan onderwysers en personeel, oorvol klasse en vervalle skoolgeboue.
- **België:** sedert 1 Oktober, oor hoër studiegelde, oorvol klaskamers en besnoeiings aan onderwysbefondsing.
- **Italië:** sedert middel Oktober, oor die toestand van skoolgeboue, onderwysbefondsing, militêre besteding en immigrasiebeleid wat skole raak.
- **Griekeland:** sedert Oktober, oor behuising en die lewenskoste van studente.
- **Spanje en Portugal:** jongmense kamp saam met ander op stadspleine oor die behuisingskrisis.

Maar wat kan ons, duisende kilometers daarvandaan, doen? Eerlik gesê, ek weet nie. Tog glo ek dit is belangrik dat ons kennis neem van wat in die wêreld gebeur, en dat ons aan hierdie mense dink en hulle in ons gebede onthou.

Ons eie land ken ook hierdie storie. Oor die jare was daar etlike voorvalle van vreedsame en gewelddadige protesoptrede deur studente.

Hier is nie genoeg plek om te bespreek hoe betogings werk, of waar die grens tussen protes en geweld lê nie. Wat ek wel raaksien, is dat dit oral jongmense is wat klaarblyklik beter omstandighede wil hê en deur hulle optogte probeer om gehoor te word.

Vir ons eie land is dit dalk ’n wekroep om weer na ons studente en jongmense om te sien. Ons moet na hulle luister voordat hulle moet skree om gehoor te word. Hulle is immers die toekoms van ons land.

Dr Antionette Janse van Rensburg
(Dosent/Montana)

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- ’N GEDAGTE
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- JONG VOLWASSENES
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

“Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes.”

“Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.”

> “Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.”
>
> **Romeine 1: 17 (AFR83)**

www.nhka.org

Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na:
taal@nhk.co.za

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos aan:
bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za

LIEF EN LEED

Die Kerk het met hartseer verneem van die afsterwe van **mev Johanna van Staden**, weduwee van **ds GC (Gert) van Staden**, op 24 Oktober. Haar roudiens sal op Donderdag 29 Oktober om 15:00 vanuit die Gemeente Jeffreysbaai plaasvind. U kan die gedenkdiens ***hier*** volg. Ons dra die Van Staden-familie aan die Here op in gebed.

Ds Theuns Botha (emeritus) het verlede Woensdag met sy fiets geval en sy skouer gebreek. Hy is in Kloof Hospitaal opgeneem, waar die spesialiste sou besluit of ’n operasie nodig is. Ons bid vir sy herstel.

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **6 November**. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.

Vrydag
30
Oktober

Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger
Nie-diensdoende predikant

Vrydag
30
Oktober

Ds WH (Wilhelm) Steyn
Emeritus

Vrydag
30
Oktober

Ds WF (Werner) Venter
Schoemansdal

Maandag
2
November

Ds IM (Naas) Lombard
Emeritus

Dinsdag
3
November

Ds HA (Hennie) Retief
Emeritus

Woensdag
4
November

Ds HN (Hennie) Botha
Emeritus

Woensdag
4
November

Ds G (Gerhard) Viviers
Lichtenburg

Vrydag
6
November

Ds WL (Wikus) van der Merwe
Emeritus

VERGADERINGS

Donderdag
29
Oktober
Raad van Finansies: Begroting

Vrydag
30
Oktober
Raad van Finansies

Donderdag
5
November
NHKA Pensioenfonds

Donderdag
5
November
SSF NHKA Bestuursforum-vergadering

GEMEENTES EN BEDIENING

Gemeente Strand: Die evangelie ken geen grense nie

Gemeente Strand het in Junie 2025 begin om elke Sondag se eredienste regstreeks via Facebook en YouTube te stroom. Die getal mense wat hierdie **digitale eredienste** bywoon, het mettertyd gegroei, en die stromings bereik ook al hoe meer mense oor landsgrense heen. Interessant genoeg het die persoonlike bywoning van eredienste ook toegeneem.

Omdat daar heelwat ouer lidmate in die gemeente is wat weens siekte of ander omstandighede nie altyd eredienste persoonlik kan bywoon nie, word hierdie digitale bediening veral deur hulle waardeer. Hulle kan nou vanuit hul huise, ouetehuise en selfs hospitale steeds aan die eredienste deelneem.

Maar waaroor ons die dankbaarste is, is dat ons sedert die begin van hierdie jaar twee katkisante in die buiteland het wat elke Sondag **digitaal** by ons **kategeseklasse** inskakel. Hierdie moontlikheid is ook beskikbaar vir ons plaaslike kinders wat om watter rede ook al nie persoonlik teenwoordig kan wees nie. Hulle kan deur middel van 'n WhatsApp-video-oproep by die groep inskakel en sodoende steeds deel van die klas wees.

Ons het 'n seun in ons graad 4 tot graad 5-groep en 'n dogter in ons belydenisgroep wat vanuit Switserland inskakel. 'n Groot hoogtepunt waarna ons uitsien, is wanneer hierdie dogter op 8 November **digitaal** haar **belydenis van geloof** saam met die res van haar groep gaan doen.

Ons beplan om volgende jaar, indien daar 'n behoefte is, een of twee *digitale wyke* met wyksleiers te begin. Dit is wonderlik hoe tegnologie ons help om die evangelie oor provinsies en landsgrense heen uit te dra. Afstand hoef nie 'n hindernis te wees nie – ook nie vir kategeseklasse nie!

Op die foto is ons belydenisgroep. Van links na regs is Xandré de Kock, Joshua van Zyl, Sydney Ward (op rekenaarskerm), Kayla Geldenhuis en Christiaan Snyman.

Dr Piet van Zyl
(Emeritus)

WERKGELEENTHEDE

Bedieningsruimte: NG Gemeente Paardekraal-Monument in Krugersdorp nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om **'n voltydse pos op 'n vaste termynkontrak** van drie jaar te vul.

Navrae:
- Voorsitter van die pre-advieskommissie:
  Cornell Solomon 083 388 3999
- Voorsitter van die kerkraad:
  Janus de Jager 082 855 9908

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **6 November 2026**. Klik gerus ***hier*** vir die **volledige beskrywing** van die pos.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Gemeentenaam
NHKA

Die Kerkkalender vir 2027, wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

Emerituspredikante wat die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** gratis as pligeksemplaar ontvang, kan kies om eerder die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** te ontvang. Die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** bevat beide die dagstukkies én gemeentelike inligting. Die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** bevat slegs die dagstukkies, maar in 'n groter en meer leesbare lettergrootte. Kontak asseblief vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u keuse aan haar deur te gee.


Bybelse Dagboek 2027 in grootdruk
Bybelse Dagboek 2027 | NHKA
Bybelse Dagboek 2027
NHKA 2027
2027 Almanak

***Bybelse Dagboek* in GROOTDRUK**

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeelte van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek*.

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290 (versending uitgesluit)

Bybelse Dagboek en Almanak

Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek **in een omslag**.

R200 (versending uitgesluit)

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

R80
Om die Bybel (beter) te verstaan
GERT MALAN

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

'N WOORD VIR ELKE DAG
'N WOORD VIR ELKE DAG

Plaas u bestelling voor einde Oktober om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R160 (versending uitgesluit)

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

BYBELSE DAGBOEK 2026

kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word deur **Xander Swart** aangebied. Klik ***hier*** vir die jongste weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag op sosiale media en YouTube.

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

VONKK 434: 1-4 – Hemelse Vader, waar ons voor U staan

Hemelse Vader, waar ons voor U staan,
rig ons ons oë op U, almal saam.
Hier voor u liefde, voor u almag, Heer,
lê ons ons laste voor u voete neer.

Dit is ons bede dat U ons sal voed
hier om u tafel, Here, ons ontmoet.
Brood van lewe, voed ons deur u Gees,
sodat ons wese weer verkwik kan wees.

Mag deur die boodskap van u heil'ge Woord,
en deur die beker, deur gebreekte brood,
mag deur dié tekens, Heer, U met ons praat,
dat ons versterk, weer ander aan kan raak.

Sondag na Sondag seën U ons, o Heer,
gee U genade, voed ons keer op keer.
Mag hierdie wonder ons tot aksie dring
en ons afhanklik voor u voete bring.



’n Lied vir die bediening van nagmaal

Die begin van November is gewoonlik die tyd van die kerklike jaar wanneer die laaste nagmaal van die jaar bedien word, en ook die nuwe belydende lidmate die eerste keer aan die nagmaaltafel aansit. VONKK 434 is ’n relatief nuwe lied om te gebruik by enige nagmaalsviering.

Die Afrikaanse teks

Alhoewel die oorspronklike Engelse teks ’n aandlied was, het ds Hannes van der Merwe in die Afrikaanse teks ’n nagmaalslied geskep.

Die komponis

Die eenvoudige en meesleurende melodie met die titel *ELLERS* is in 1869 deur die Engelse orrelis en komponis, Edward John Hopkins (1818–1901), gekomponeer. Die melodie word veral verbind met John Ellerton se aand- en slotlied *Saviour, again to Thy dear Name we raise.* Die melodietitel kom waarskynlik van die oorspronklike liriekskrywer af. Met sy breë, waardige melodiese lyne en rustige beweging het die melodie ’n gebedsvolle karakter wat besonder geskik is vir tekste van vertroue, vrede, seën en die afsluiting van die erediens – en natuurlik ook voor en ná gebruik van die nagmaal.

Liturgiese gebruik

Die eerste drie strofes van die lied kan gebruik word as lied soos die tafel gereed gemaak word. Dit verwoord ons gerigtheid op God, ons gebed vir wat by die tafel sal gebeur asook die gevolg wat dit in ons lewe moet hê. Strofe 4 is veral geskik vir die lied na afloop van die laaste tafel. Dit verwoord ons gebed dat dit wat aan die tafel met ons gebeur het en wat ons van God ontvang het, ons nie ongeraak sal laat bly nie.

Luister ***hier*** na die Engelse weergawe. Daar is ongelukkig nog nie ’n opname van die Afrikaanse weergawe beskikbaar nie. Die volledige begeleidingsnit, bladmusiek en PowerPoint-aanbieding vir gemeentes is beskikbaar vir gemeentes wat op Missio ingeteken is. Let asseblief daarop dat Bybelmedia ’n nuwe webblad (**www.joyna.co.za**) in gebruik geneem het wat die Missio-webblad vervang. Elke gebruiker gaan gevra word om op die nuwe webblad te registreer, maar die ingetekende gemeentes se bestaande inligting sal steeds beskikbaar wees. Let asseblief daarop dat daar oor die kort termyn sekere probleme met die nuwe platform mag wees.

Ds Hannes van der Merwe
(Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Wete

Dit is nie die liggaam nie, nee –
want liefde is meer as lyf.
Dit is nie die oë nie, nee –
want liefde is meer as sien.
Dit is nie die hande nie, nee –
want liefde is meer as voel.
Nog minder die herinneringe –
dit is alles pynlik, verlore.

Met jou voel ek ’n naelstring,
’n ondeurdringbare vlegsel,
vasgeknoop, vasgeheg, vasgebind.

Tot die dood ons saambring.

Joan Hambidge
www.maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-wete/

FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes.
Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

Enige tyd

GEMEENTE ERASMIA: KWALITEIT BRAAIHOUT

Kom koop jou Thabazimbi-braaihout by ons.

R30 per 8 kg-sakkie. Aflewering in die Pretoria-omgewing ingesluit.

076 336 5739 (Johan Otto)

30 en 31 OKT

GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS

Kom luister na ’n propvol verhoogprogram met Eloff, Die Piesangskille, Zaan Sonnekus, Spoegwolf, GnT, Riaan Rust, Leon Cremer, Min-Gespin, Hennie de Bruyn en die Kitaar Kêrels, asook Kathu se plaaslike TMC Band.

Maak ’n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.

Sivos Sportgronde, Kathu

31 OKT
Trekking

GEMEENTE WONDERBOOM: WEN ’N BILTONGKERWER

Kom koop ’n lootjie en staan ’n kans om ’n skerp biltongkerwer met ’n ingeboude neutkraker te wen.

R50 per lootjie

083 255 2082 (ds Lillian)

31 OKT
Vanaf 07:30

GEMEENTE BRONKHORSTSPRUIT: PLAASBASAAR

Kom geniet ’n heerlike plaasatmosfeer met smullekker boerekos, vleis teen plaaspryse en vermaak vir oud en jonk. Boeretroos en tee is op die huis.

Gemeente Bronkhorstspruit, hv
Charl Cilliers- en Krugerstraat,
Bronkhorstspruit

31 OKT

GEMEENTE RANDBURG: SWAELTJIEFEES

Kom kuier saam en geniet heerlike eetgoed soos pannekoek, jaffels en kerrie-en-rys. Daarna kan jy jou dors in ons dorstuin les en die musiek van ons gaskunstenaars, JJ Stephens, Josef Joubert en Jaco Strydom, geniet. Daar is ook ’n slagskaap ter waarde van R3 500 asook R1 000 en R500 kontantpryse te wen.

Gemeente Randburg, hv Kerk- en Dovestraat, Ferndale

082 566 1907 (Christa Clifton)

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-
MUSEUM

Reis terug in tyd by die
SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin**: **082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

WEBINAAR: WET OP BASIESE DIENSVOORWAARDES

Aanbieder: Mnr Simon Kotzé
Tydsduur: 90 minute

- **Dinsdag 17 November om 09:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/364988089989566?p=YS51MTOBy5i4LnT6LR
  ID: 364 988 089 989 566
  Toegangskode: zN6Ab3Bw
- **Donderdag 19 November om 19:00**
  https://teams.microsoft.com/meet/39060071764078?p=UzliQOc9c5a94mTVVX
  ID: 390 600 717 640 78
  Toegangskode: x8Cb9m9K

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; vyf jaar deeltyds

Toelatingsvereistes:
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie.

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

Inskrywings vir Februarie 2027 kan nou gedoen word.

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die
NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Navrae: Ds Bouwer Serfontein E-pos: ministry@skillspro.co.za Selnommer: 082 339 7854

JONG VOLWASSENES

Wanneer jou battery op 9% staan

Daar is min woorde wat studente en hulle ouers se bloed so vinnig in yswater laat verander soos die woord: eksamen! Die eindstreep is in sig, maar die laaste paar meter voel soos 'n maraton!

Dink 'n bietjie hoe ons die jaar begin: battery op 100%. Nuwe planne, nuwe voornemens: *Hierdie jaar werk ek van dag een af*. Maar teen hierdie tyd staan baie jongmense se battery op 9%. Hulle is moeg!

En dis nogal ironies: juis wanneer jou battery die laagste is, word die meeste van jou verwag.

Vir matrieks kom daar boonop 'n klomp vrae oor volgende jaar. Waar gaan ek studeer? Het ek plek gekry? Is daar geld? Wat wil ek doen? Party dae weet jy nie eens waar jou skooldas is nie, maar mense wil al jou vyfjaarplan hoor!

En dis nie net eksamenstres nie. Daar is druk om in te pas, goed genoeg te wees, die regte keuses te maak en 'n toekoms te bou. Op sosiale media lyk dit boonop of almal anders hulle lewe uitgesorteer het.

Hoe gemaak wanneer jou battery so laag is?

Begin by jou tyd. Efesiërs 5: 16 herinner ons om die beste gebruik te maak van elke geleentheid. Ons almal kry 24 uur per dag. Wat ons daarmee doen, maak egter die verskil. Jy kan ure lank bekommerd wees oor alles wat jy nog moet leer, of jy kan begin met die volgende haalbare stukkie werk. Sit jou foon vir 'n rukkie weg. Pak die moeilikste werk aan wanneer jou kop nog vars is. Werk slim. Gebruik breinkaarte, rympies, sleutelwoorde en lekker kleurpenne. Gaan gerus 'n bietjie terug na die ou manier van dinge doen! Los die skerm vir 'n slag en vat pen en papier. Navorsing dui daarop dat leer vanaf gedrukte materiaal in sekere omstandighede beter begrip en onthou kan bevorder as om van 'n skerm af te leer. Skryf, onderstreep, maak notas en toets jouself. Kry jou brein aktief aan die werk!

Dit is baie belangrik om sonder skuldgevoelens te rus. Jou brein het slaap, beweging, ordentlike kos en vars lug nodig. Lag gerus ook 'n slag! Rus is nie tydmors nie. Dis deel van hoe jy weer energie kry.

Moenie jouself met ander vergelyk nie. Daar sal altyd iemand wees wat sê: *Ek het net vinnig deur die werk gegaan*. En dan kry hulle 90%. Jy het jou eie vermoëns, jou eie uitdagings en jou eie pad.



Onthou veral: jou punte bepaal nie jou waarde nie. 'n Punt sê iets oor 'n vraestel, nie alles oor wie jy is nie.

Praat met God. Nie net vyf minute voor die vraestel nie! Psalm 62 herinner ons dat God ons rots en toevlug is. Sy liefde vir jou verander nie saam met jou prestasies of mislukkings nie.

En ouers, moenie elke gesprek begin met: *Hoe ver is jy geleer?* nie. Soms het 'n jongmens eerder nodig om te hoor: *Ek sien jy probeer. Hoe kan ek help?*

As jou battery dus op 9% staan, onthou: selfs met 'n battery op 9% kan jy nog vorentoe beweeg. Jy hoef net nie alles op een slag te doen nie. Gebruik jou tyd wys, doen wat jy kan, rus wanneer jy moet en vertrou die Here met die pad vorentoe.

Ds Janine Bevolo-Manders
(Witfontein)

Is jy in 2027 'n Matie?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe!

Kom woon gerus ons aanvangskamp by.
Eerstejaar of senior, almal is welkom.
Datum: 24 tot 26 Januarie 2027.
Ons kom 24 Januarie 14:00 by die kerkgebou bymekaar.
Koste: R500 per persoon.

Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by cleroux@mweb.co.za, 079 495 3239, of ds Elizabeth Rossouw, by 3erossouw@gmail.com, +264 81 833 7022 (whatsapp), 078 032 3819 (bel).

Klik ***hier*** vir Gemeente Stellenbosch se inligtingsbrief oor die aanvangskamp.

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

GEBED VIR DIE WEEK

Jesus, ek help ander omdat dit is wat U van my sou verwag.
Ek wil u liefde aan die wêreld uitstraal selfs wanneer daar niemand is om te sien nie.
U teenwoordigheid is vir my genoeg om barmhartig te bly.
Herinner my wanneer ek vergeet: Wat ons aan ander doen, doen ons aan U.
Laat my dade altyd in opregte liefde wees.
Amen.

https://bybelmedia.co.za/my-gebed-vir-barmhartigheid/

REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger